
# CRYPTOGRAN™

## Effektiewe Biologiese Beheer van Vals Kodlingmot




River Bioscience

**River Bioscience (Pty) Ltd**
www.riverbioscience.co.za
admin@riverbio.com



## Die Probleem:

Vals kodlingmot (VKM) is 'n beroemde plaagspesie onder beide plaaslike en internasionale vrugte produsente vir die skade wat hulle aan vrugte aanrig. Die skade kan aansienlike verlies veroorsaak aan oeste en belegging opbrengstes, asook fitosanitêre implikasies hê vir sekere uitvoer markte.




## Hoe Beskadig VKM Jou Gewasse?


- Nuut uitgebroeide larwe boor die vrug binne.
- Infestasie punte veroorsaak deur larwe in vrugte kan slegs met deeglike inspeksie raakgesien word.
- Infestasie punte op ryp vrugte is versink en verkleur bruin soos wat beskadigde weefsel toeneem.
- 'n Besmette vrug val van die boom af ongeveer drie tot vyf weke nadat larwe penetrasie plaasgevind het.
- By die pakhuis is dit moeilik om vrugte te identifiseer wat kort voor die oes besmet was met larwe - en kan lei tot na-oes skade en potensiële fitosanitêre onderskeppings in die ontvangende markte.

## Die Oplossing: Cryptogran™

Cryptogran™ is 'n virusgebaseerde biologiese plaagdoder wat deur River Bioscience ontwikkel is om VKM in verskeie gewasse te teiken en dood te maak.

Die virusdeeltjies word ingeneem deur nuut uitgebroeide VKM-larwes op die oppervlak van die vrugte, voordat hul die vrugte penetreer. Larwes neem die virus in terwyl hulle op die oppervlak van die vrugte voed en sterf kort daarna.

### Hoe Werk Cryptogran™?




1. Cryptogran™ word op gewasse gespuit.
2. VKM larwes neem die virus in vanaf die oppervlakte van die vrugte.
3. Beskermende proteïen laag van die virus word verteer deur die hoë pH van die middelderm.
4. Die virus word deur mikrovilli geabsorbeer en virus replisering begin in die kern van die middelderm selle.
5. Die virus versprei deur die larwe en sekondêre replikasie vind plaas. Die larwe sterf en stel virusdeeltjies vry in die omliggende omgewing wat sekondêre infeksie veroorsaak.

## Cryptogran™ Voordele:

### Doeltreffendheid

Wetenskaplike proewe en prestasie data het getoon dat Cryptogran™ ewe effektief is as chemiese plaagdoders, en is dikwels meer effektief as ander biologiese plaagdoders.

### Mededingende Pryse en Hoë A.I./OB's

Cryptogran™ en CryptoMax™ het die hoogste aktiewe bestanddeel lading op die mark vir VKM beheer, wat die beste waarde vir geld aan produsente bied.

### Langlewendheid

Tot 4-12 weke na Cryptogran™ applikasie, kan mortaliteit steeds gemeet word.

### MRL Bestuur

Geen chemiese oorblyfsels of MRLs.

### Ondersteunend tot FMS

Cryptogran™ word erken deur Phytclean as 'n korrektiewe beheermaatreël vir VKM binne die FMS, anders as meeste ander biologiese produkte.

### Vroeë Toediening

Resultate van die studies het getoon dat 'n bykomende vroeë toediening van Cryptogran™ by die eerste vlug piek die kumulatiewe vrugte daling aansienlik verminder het in vergelyking met toedienings slegs in November en Februarie.

### IPM Vriendelik

Cryptogran™ het 'n geïntegreerde plaagbeheer gradering van 1 - hoogs IPM versoenbaar. Dit beteken dat dit nie bydra tot sekondêre plaaguitbrake nie en veilig gebruik kan word te same met aangevulde voordelige insekvrystellings.

## Cryptogran™ Doeltreffendheid & Proefdata:

River Bioscience het 'n uitgebreide datastel van talle veldproewe wat oor verskillende streke uitgevoer was, wat die doeltreffendheid van Cryptogran™ bewys. Meer as 50 verskillende veldproewe is al gedoen op 'n wye verskeidenheid van gewasse, soos sitrus, tafeldruiwe, avokado's, makadamias, lietsjies en persimmons.

## Voorbeelde van Cryptogran™ gebruik gedurend proewe op verskeie gewasse:

**Teiken:** Vals Kodlingmot (VKM) *Thaumatotibia leucotreta*

**Gewasse/Cryptogran™ per 100L Water:**

| | |
|---|---|
| - Sitrus | 10ml |
| - Steenvrugte | 5ml |
| - Avokado's | 10ml |
| - Granate | 10ml |
| - Druiwe | 5ml |


**16** Aantal Proewe

**5** Gewas Soorte

**9** Aantal Seisoene

**Verwys na produketiket vir gewas spesifieke instruksies / raad.*

**Doeltreffendheidsdata verteenwoordig as 'n % in infestasie vermindering (per gewasgroep)**




Resultate toon dat die gebruik van Cryptogran™ VKM infestasie verminder met meer as 70% vir 4 - 12 weke na toediening.

River Bioscience

Skandeer vir meer inligting


**River Bioscience (Pty) Ltd.**
admin@riverbio.com
5th Floor, Fairview House,
Fairview Office Building, 66 Ring Road
Greenacres, PE, 6045
PO Box 20388, Humewood, 6013


**CRYPTOGRAN™ L7598**
**River Bioscience (Pty) Ltd.**

**Aktiewe bestanddeel:**
*Cryptophlebia leucotreta* granulovirus (CrleGV-SA)
Minstens 5 x $10^{10}$ okklusie partikels (OPs)/ml